# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS FIRST LANGUAGE** **1100/4**

PAPER 4 Literature 1 hour 30 minutes

Marks 40 **2017**

Additional Materials: Answer Book

**INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES**

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Candidate Number and Name in the spaces provided on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.

- Answer **one** question from Section **A** and **one** question from Section **B**.

- All questions in each section of this paper carry equal marks.

This document consists of **6** printed pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

**Instruksies**

- Beantwoord **twee** vrae, **een** uit elke afdeling.
- Begin elke vraag op ’n skoon bladsy.
- Skryf die nommer van die vraag boaan die antwoord.
- Netjiese en duidelike handskrif sal in jou guns tel.

## AFDELING A

Beantwoord **een** vraag uit hierdie afdeling.

**Junior Verseboek – D.J. Opperman**

**1** Bestudeer die volgende gedig noukeurig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Ag, sy het nie gesterwe**

Ag, sy het nie gesterwe,
maar sy was somaar dood:
geen siekte en lange lyding,
geen uur van voorbereiding,
geen dokter met die tyding;
net een, een onweerskoot,
en sy was dood.

Hoe het ons arme seuntjie
gekwyn tot in die dood:
vooraf die lange lyding,
dan sluipsgewys die tyding,
daarna die wrede skeiding,
en dan (dit was my hart te groot!)
en dan sy dood.

Maar bitterder as bitter
die plotsheid van haar nood:
’n vonkvuur blits die tyding,
’n straalpyl bring die lyding,
’n skrikroep is die skeiding;
en - sy het nie gesterwe,
maar sy was somaar dood.

*(Uit: Versamelde Werke, deel 10)*

**(a)** Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van elke tweede versreël in hierdie gedig? [2]

**(b)** Wat het met die dogtertjie in strofe 1 gebeur? [2]

**(c)** Wat is die funksie van die herhaling van 'een' in versreël 6? [2]

**(d)** Van watter Afrikaanse woord is "somaar" 'n veranderde vorm? [2]

**(e)** Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 2 aan. [2]

**(f)** Verduidelik die betekenis van "sluipsgewys die tyding". [2]

**(g)** Waarom plaas die digter (dit was my hart te groot !) tussen hakies? [2]

**(h)** Waar vind die wending in die gedig plaas? [2]

**(i)** Die titel sluit mooi aan by die slotreël: Ag sy het nie gesterwe, maar sy was somaar dood. Wat is die funksie hiervan? [4]

**[20]**

**OF**

**2** Bestudeer die volgende gedig noukeurig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Klara Majola**

Klara Majola wou haar vader
toe die skemer sak, gaan haal
waar hy, die blinde, hout vergader;
maar Klara Majola het verdwaal.

Klein Klara Majola lê verkluim
in die Bokkeveld se bros kapok,
haar arms en bene bruin
en kromgetrek soos wingerdstok.

Klara Majola, die koue geweld
sif stadiger oor my uit die ruim,
maar nooit sal ek in die Bokkeveld
so warm, Klara Majola, soos jy verkluim.

*(Uit: Engel uit die Klip; Tafelberg)*

**(a)** Watter tipe rymskema tref ons in dié gedig aan? [2]

**(b)** Hoekom wou Klara haar vader gaan soek? [2]

**(c)** Waarop dui die woord "maar" in strofe1, reël 4? [2]

**(d)** Identifiseer en verduidelik die vergelyking wat in strofe 2 voorkom. [4]

**(e)** In die tweede strofe oorheers die k-klank.

Hoe dra dit by tot die betekenis/trefkrag van die gedig? [3]

**(f)** "Koue geweld" is 'n voorbeeld van 'n metafoor.

Verduidelik hoekom. [2]

**(g)** Dui die teenstrydigheid in die laaste versreël (strofe 3) aan en verduidelik dit. [5]

**[20]**

## AFDELING B

Beantwoord **een** vraag uit hierdie Afdeling.

**Japtrap – J.P. en Ria Smuts**

**3** Bestudeer die volgende aanhalings noukeurig en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**Die Wedloop - Pirow Bekker**

"Hoe ver is jou huis?'' Ek aarsel nog.

"Net drie blokke met die straat af.''

By die hoekpaal klouter ons oor. Daar het skielik 'n stilte om ons toegesak. Die atletiekveld het agter die bome verdwyn en ons hoor nog net dofweg die jillende kinders.

Vis beduie aanmekaar. Jy sou sweer ons is die grootste tjoms.

"Ek het daar so 'n groen Capri Perana en so 'n Blue Shark. Jong, hulle kan jaag. Een keer wen die Perana en dan weer die Blue Shark. Jy kan met die Blue Shark jaag.''

Vis praat dat die skuim so in sy mondhoeke vorm en sy oë roer opgewonde. Noudat ek hom van naby leer ken, is hy glad nie so 'n sleg stuk vleis nie.

Ek voel skielik bevry van die dag wat voorlê. Dis lekker om van rooi en geel en groen blitsmotors te hoor. Die name rol van Vis se lippe: 'n silwer Bertone, 'n Lamborghini, 'n Alfa Carabo, 'n Tomaso Mangusta ... Ek wens ek kon saampraat. Net praat, praat, praat. Nie oor onsself nie. Ons gaan ons eie reisies hou. Ek en Vis. Weg van hierdie ... hierdie ...

Dan vang die onverwags helder luidspreker my in sy greep. Dis asof hy reg agter my oor oopgegaan het. Dis die aankondiging dat die atlete hulle gereed moet maak vir die eerste item. "Ons sal moet aanstoot met die program. Die dag is kort,'' kraak die metaalstem.

Ek kon sien dat die skielik indringende stem Vis ook ruk.

**(a)** Watter soort verteller is hier aan die woord? Motiveer jou antwoord? [2]

**(b)** Wat is die karakter se naam wat hier aan die woord is en waarom "aarsel" hy nog? [3]

**(c)** Waarna verwys " 'n stilte" in reël 3? [2]

**(d)** In reël 6 sệ die hoofkarakter 'n mens sou sweer hulle is tjoms?

Waarom maak hy dié opmerking? [2]

**(e)** Watter ander sy van Vis se karakter word in die aangehaalde gedeelte weerspieël? [2]

**(f)** "Ek voel skielik bevry van die dag wat voorlệ."

Hoekom ervaar hy 'n gevoel van bevryding? [3]

**(g)** Hoe reageer die twee karakters op die metaalstem? [2]

**(h)** Die titel van die verhaal (Die wedloop) het twee betekenisse.

Verklaar. [4]

**[20]**

**OF**

**4** Lees die volgende uittreksel uit die verhaal noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Die vuurdoop – Margaret Bakkes**

Dis skemer as sy pa hom die volgende oggend roep. Hy weet dadelik dat die nag sonder teenspoed verbygaan het. Hy weet: dis die waentjie wat gekeer het dat hy sonder nagmerries of skade deurgeslaap het. Hy sal nooit weer ophou om aan die waentjie te dink nie.

Dis nie eens moeilik om op te staan nie. Hy trek vinnig aan en stap kombuis toe. Die vuur brand reeds en sy pa is besig om koffie te maak. Die reuk van die vars koffie laat sy mond water. Niks is vir hom soos lekker so die eerste koppie koffie as dit smorens so koud is nie. Veral as hy en sy pa alleen in die kombuis staan en drink. Soos mansmense moet.

“Pa, ek het gisteraand lê en dink aan die waentjie wat Pa gesê het Pa sal vir my maak. Kan ons nie vandag daaraan werk nie?’’

“Ons kan so ’n plan maak, Daan. Ek moet net eers vanoggend Holkrans toe. Finias het gister daar slagysters gestel vir die jakkalse. Die goed vreet onder die skaap. Maar ons sal vroeg terug wees en dan kan ons altemitters aan die waentjie begin. Daar is planke in die ouhuis.’’

“Ek sal vir Pa baie kan help as ek net eers die waentjie het. Pa moet dit ook maar nie te klein maak nie.”

As Daantjie sy koffie klaar gedrink het, hardloop hy oor die hardgerypte werf in die rigting van die kraal. Finias en dié se seuntjie is reeds daar. Daantjie ken sy werk en keer die kalwers eenkant toe sodat Finias kan melk.

Ná die ontbyt gaan hy ouhuis toe. Hy sit die planke netjies bymekaar, saam met die saag en die hamer. Net reg om te begin as sy pa kom. Hy gaan sit in die sonnetjie teen die klipmuur van die ouhuis en hy kyk in die rigting van Holkrans, sodat hy dadelik sy pa sal kan sien aankom. Voor hom lê die veld reeds wintergeel. As hy effens skuins draai, kan hy die populierbos sien. Dit lyk vir hom pebliek of die bos lewe as die wind so effens daarin roer. Die geel blare lyk van ver af soos kersvlammetjies. As hy weer terugdraai, stap sy pa al hier kort duskant die kraal.

**(a)** Uit wie se perspektief word die verhaal vertel? [1]

**(b)** Na watter “skade” verwys die seuntjie? [2]

**(c)** Wat het aanleiding gegee tot die gebeurtenis in **(b)**? [3]

**(d)** Waarom was dit vir hierdie kind so belangrik dat sy pa die waentjie bou? [4]

**(e)** Gee ’n kort beskrywing van die hoofkarakter se verhouding met sy ma? [2]

**(f)** Wat was die pa se siening oor die dreigende oorlogsituasie? [2]

**(g)** Watter belangrike rol het die populierbos in Daantjie se lewe gespeel? [2]

**(h)** Aan die einde van die verhaal sệ Daantjie aan sy pa: “Pa moet gaan.”
Wat het hierdie veranderde houding teweeggebring? [2]

**(i)** Is die titel gepas? Motiveer? [2]

**[20]**